Plaaslike Publieke Getuienis

**Die rol wat kerke kan speel in die prosesse van hul Plaaslike Regering / Munisipaliteit om die toekoms van hul dorpe positief te beinvloed**

Werkswinkel 20 en 21 September 2026

Aanbieder: Adv Hanlie Linde,
Munisipale Bestuurder,
Bergrivier Munisipaliteit

**Teoretiese Raamwerk:**

Supreme Law / Oppergesag-wetgewing: Grondwet van Suid-Afrika, 1996

Hoofstuk 1 / Chapter 1: Grondliggende Beginsels / Founding Provisions – Burgerskap / Citizenship

## Burgerskap

3. (1) Daar is ŉ gemeenskaplike Suid-Afrikaanse burgerskap.
   (2) Alle burgers is in gelyke mate–
      (a) geregtig op die regte, voorregte en voordele van burgerskap; en
      (b) onderworpe aan die pligte en verantwoordelikhede van burgerskap.
   (3) Nasionale wetgewing moet voorsiening maak vir die verkryging, verlies en herverlening van burgerskap.

Handves van Menseregte (Hoofstuk 2), Die reg tot burgerskap / politieke regte

### Politieke regte

19. (1) Dit staan elke burger vry om politieke keuses te doen, waarby inbegrepe is die reg om–
      (a) 'ŉ politieke party te stig;
      (b) deel te neem aan die bedrywighede van, of lede te werf vir, ŉ politieke party; en
      (c) hulle vir ŉ politieke party of saak te beywer
   (2) Elke burger het die reg op vrye, regverdige en gereelde verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is.
   (3) Elke volwasse burger het die reg om–
      (a) te stem in verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is, en om dit in die geheim te doen; en
      (b) ŉ kandidaat vir ŉ openbare amp te wees en, indien verkies, die amp te beklee.

### Burgerskap

20. Geen burger mag burgerskap ontneem word nie.

**Nasionale Wetgewing:**

**3 soorte Munisipaliteite: Kategorie A: Metros (tans agt (8) in SA)**

South Africa has **eight** metropolitan municipalities. South African Government

The eight metros in the country are: Facebook · Departments: C...

- **City of Cape Town**
- **City of Johannesburg**
- **City of Tshwane** (Pretoria)
- **Ekurhuleni** (East Rand)
- **eThekwini** (Durban)
- **Nelson Mandela Bay** (Gqeberha/Port Elizabeth)
- **Mangaung** (Bloemfontein)
- **Buffalo City** (East London/Bhisho) South African Government +1





Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 1998 (Wet 117 van 1998)

"Part 4: Establishment of Ward Committees for each of the 257 Municipalities in SA

SA = 4488 wards in 9 provinces in 257 Municipalities".

- **KwaZulu-Natal:** 921 wards
- **Eastern Cape:** 703 wards
- **Limpopo:** 568 wards
- **Gauteng:** 526 wards
- **Western Cape:** 416 wards
- **Mpumalanga:** 408 wards
- **North West:** 402 wards
- **Free State:** 311 wards
- **Northern Cape:** 233 wards



Die Wes-Kaapse Regering in samewerking met die Hanns Seidel Foundation van Duitsland en Civics Academy het 'n maklike handleiding saamgestel oor die funksionering van wykskomitees. Dit is beskikbaar in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa.

Elke deelnemer sal een kry tydens die werkswinkel.



## *Part 4: Ward committees*

### Only metropolitan and local municipalities of certain types may have ward committees

72. (1) Only metropolitan and local municipalities of the types mentioned in sections 8*(c)*,*(d)*,*(g)* and *(h)* and 9*(b)*,*(d)* and *(f)* may have ward committees.

(2) If a metropolitan or local municipality of a type referred to in subsection (1) chooses to establish ward committees. the provisions of this Part apply.

(3) The object of a ward committee is to enhance participatory democracy in local government.

### Establishment of ward committees

73. (1) If a metro or local council decides to have ward committees. it must establish a ward committee for each ward in the municipality,

(2) A ward committee consists of—

*(a)* the councillor representing that ward in the council. who must also be the chairperson of the committee: and

*(b)* not more than 10 other persons.

(3) A metro or local council must make rules regulating—

*(a)* the procedure to elect the subsection (2)*(b)* members of a ward committee, taking into account the need—

(i) for women to be equitably represented in a ward committee; and

(ii) for a diversity of interests in the ward to be represented.

*(b)* the circumstances under which those members must vacate office; and

*(c)* the frequency of meetings of ward committees.

**(4)** A metro or local council may make administrative arrangements to enable ward committees to perform their functions and exercise their powers effectively,

### Functions and powers of ward committees

**74.** A ward committee—

*(a)* may make recommendations on any matter affecting its ward—

(i) to the ward councillor; or

(ii) through the ward councillor, to the metro or local council. the executive committee, the executive mayor or the relevant metropolitan subcouncil: and

*(b)* has such duties and powers as the metro or local council may delegate to it in terms of section 32.

### Term of office of members

**75.** The section 73(2)*(b)* members of a ward committee are elected for a term determined by the metro or local council.

### Vacancies

***76.*** If a vacancy occurs among the section *73(2)(b)* members of a ward committee. the vacancy must be filled in accordance with a procedure determined by the metro or local council.

### Remuneration

**77. No** remuneration is payable to the section 73(2)*(b)* members of a ward committee.

### Dissolution of ward committees

**78.** A metro or local council may dissolve a ward committee if the committee fails to fulfil its object.

**Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000)**

Hoofstuk 4: Gemeenskapsdeelname



## CHAPTER 4

## COMMUNITY PARTICIPATION

### Development of culture of community participation

**16. (1)** A municipality must develop a culture of municipal governance that complements formal representative government with a system of participatory governance, and must for this purpose—

*(a)* encourage, and create conditions for, the local community to participate in the affairs of the municipality, including in—
   (i) the preparation. implementation and review of its integrated development plan in terms of Chapter 5;
   (ii) the establishment, impiernentation and review of its performance management system in terms of Chapter 6:
   (iii) the monitoring and review of its performance, including the outcomes and impact of such performance:
   (iv) the preparation of its budget; and
   (v) strategic decisions relating to the provision of municipal services in terms of Chapter 8;

*(b)* contribute to building the capacity of—
   (i) the local community [o enable it to participate in the affairs of the municipality; and
   (ii) councillors and staff to foster community participation; and

*(c)* use its resources, and annually allocate funds in its budget, as may be appropriate for the purpose of implementing paragraphs *(a)* and *(b)*.

(2) Subsection (1) must not be interpreted as permitting interference with a municipal council's right to govern and to exercise the executive and legislative authority of the municipality.

**Mechanisms, processes and procedures for community participation**

**17. (1)** Participation by the local community in the affairs of the municipality must take place through—

*(a)* political structures for participation in terms of the Municipal Structures Act;

*(b)* the mechanisms, processes and procedures for participation in municipal governance established in terms of this Act;

*(c)* other appropriate mechanisms, processes and procedures established by the municipality;

(d) councillors; and

*(e)* generally applying the provisions for participation as provided for in this Act.

(2) A municipality must establish appropriate mechanisms, processes and procedures to enable the local community to participate in the affairs of the municipality, and must for this purpose provide for—

*(a)* the receipt, processing and consideration of petitions and complaints lodged by members of the local community;

*(b)* notification and public comment procedures, when appropriate:

(c) public meetings and hearings by the municipal council and other political structures and political office bearers of the municipality, when appropriate;

*(d)* consultative sessions with locally recognised community organisations and, where appropriate, traditional authorities; and

(e) report-back to the local community.

(3) When establishing mechanisms, processes and procedures in terms of subsection (2) the municipality must take into account the special needs of—

*(a)* people who cannot reed or write;

(b) people with disabilities:

*(c)* women: and

*(d)* other disadvantaged groups.

(4) A municipal council may establish one or more advisory committees consisting of persons who are not councillors to advise the council on any matter within the council's competence. When appointing the members of such a committee, gender representivity must be taken into account.


**Waaruit bestaan 'n Munisipaliteit?**

Drie gelyke vennote

- Die verkose raadslede
- Die aangestelde professionele personeel
- Die publiek (ook georganiseerde publiek)

Waar hierdie drie vennote dit regkry om soomloos saam te werk, is waar die wonderwerke gebeur.

DRIE SIRKELS




Ideale situasie is waar hierdie drie gelyke vennote sterk ontwikkeld is (elkeen in hul eie reg), elkeen hul eie rol baie goed vertolk en SAAM werk. Nie OF OF nie, maar EN EN.

Kom ons dink en doen saam……

Oefening van Germinate…

**Nadele van 'n wykskomitee struktuur**

MAAR – 'n Wykskomitee is ook nie altyd net maanskyn en rose nie en ook nie altyd die enigste en beste meganisme om deur te werk nie.

Wat is die uitsonderings:


Die sukses van 'n wykskomitee hang af van die vermoë van die wyksraadslid – tans in SA het geen raadslid enige kwalifikasies nodig om verkies te word nie (net SA burger met ID boek/kaart en nie insolvent nie). Waar wyksraadslede onbekwaam is, sukkel die werksaamhede van 'n wykskomitee.

Ander meganismes om met jou Munisipaliteit saam te werk:

1. Registreer as 'n "Interested and Affected Party" in terme van die SPLUMA wetgewing (Spatial Planning Land Use Management Act) bv wanneer die 5 jaar Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk opgestel word (Spatial Development Framework), wanneer jou dorp se soneringskema geadverteer word of wanneer die Munisipaliteit spesifieke gebiedsplanne vir jou dorp/voorstad adverteer en beplan.

'n Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk bepaal die stedelike kern van elke dorp/stad en waar wat in die volgende jare toegelaat sal word.




As voorbeeld: Bergrivier Munisipaliteit se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk 2024 - 2029

2. Skriftelike insette op IDP, begroting en ander dokumente/planne/strategieë van die Munisipaliteit wat geadverteer word vir publieke deelname. Plaaslike koerant, webwerf van Munisipaliteit, ander sosiale platforms.
3. Skriftelike insette op beplanningsaansoeke wat inkom. Bv dobbelhuise, besighede wat drank verkoop, dranklisensie-aansoeke, nuwe ontwikkelings en vele meer.

   'n Gemeente kan moontlik van hul lidmate se kundigheid / afgetredenes met meer tyd gebruik maak om hierdie rol namens hulle te vervul.

   Gemeentes hou van Kommissies: Wat van 'n "Ons dink saam oor ons toekoms – Kommissie".

4. Gaan bid saam met die Munisipale Bestuurder / Burgemeester / Wyksraadslid op ’n Woensdagoggend (of wanneer ookal) in haar/sy kantoor. Vra net: Wat is tans op jou tafel waarvoor ons kan bid? My lys maandeliks is lank.
5. Gemeenskapsgedrewe projekte – maak strand skoon / almal wat stap in die oggende tel papiere op / maak plastiekbottels bymekaar en herwin / rooidoppie projek (maak iets mooi uit iets potensieel slegs) / Mandeladag-projekte rondom 18 Julie elke jaar / skenk warm klere ens ens ens.
6. Stig / raak deel van ’n geestelike forum vir alle Christelike Kerke op die dorp (net in Piketberg is 54 Christelike Kerke) om gesamentlik groot impak te hê.
7. STEM in Plaaslike Verkiesings.
8. Ander inisiatiewe?

**PRAKTIESE OEFENING**

MAAR hoor ek julle sê: *“Ons het al probeer… Ons het voor dooiemans-deur gekom. Ons sukkel om fondse vir kerkprojekte te kry…”.*

As die doel is om fondse te kry vir kerkprojekte, word die fundamentele beginsel van SAAM DROOM, SAAM BEPLAN, STRATEGIESE INSETTE GEE, KOMMENTAAR LEWER EN INSETTE GEE, nog nie verstaan nie.

’n Munisipaliteit het baie streng wetgewing (minstens 144 stukke wetgewing waaraan elke dag voldoen moet word – erg oorgereguleerd). Die CRUX is om te verstaan hoe en waar en in watter vorm ’n Munisipaliteit mag help. (Artikel 67 van MFMA)

VOORBEELD VAN CALENDULASTRAAT-VRIENDSKAPSETE IN PIKETBERG

Notas:

………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………


………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………………

**Ander hulpbronne om te gebruik**

https://pari.org.za/toolbox





**TYDSLYN OM BETROKKE TE RAAK – 2026/2027**

1. Plaaslike Verkiesings 4 November 2026 – elkeen het die reg om te stem – gebruik dit!
   *"As jy nie stem nie, het jy jou reg opgegee om te kla, want jy het 'n kans gehad om die uitkoms te bepaal en dit nie gebruik nie."*
2. OVK (Onafhanklike Verkiesingskommissie) verklaar die verkiesings-uitslae voor 11 November 2026.
3. Die Raad van die Plaaslike Munisipaliteite in SA (205) en die 8 metros moet saamgestel en ingehuldig wees binne 14 kalenderdae na 11 November 2026 = voor 25 November 2026. Daarna volg die Rade van die 44 Distriksmunisipaliteite in SA. 205 + 44 + 8 = 257.
4. Alle Munisipaliteite moet alle wykskomitees verkies / saamstel binne 6 maande na die verkiesing – meeste van die wyke het godsdiens sektore – steek hand op!
5. Konsep 5 jaar plan (IDP – Integrated Development Plan) en konsep 3 jaar begroting (2027 – 2030) by Raad voor einde Maart 2027.
6. Goedgekeurde konsep word geadverteer vir publieke deelname tydens April 2027 en elke Munisipaliteit hou publieke deelname vergaderings – woon dit by, wees voorbereid, gee goeie insette, vrae die regte en moeilike vrae.
7. Finale IDP en Begroting voor die Raad voor einde Mei 2027. Elke publieke inset moet bespreek word in die Begrotingsloodskomitee en aanbevelings gemaak word om te kyk hoe die publiek se insette geakkommodeer kan word.
8. IDP bevat die Munisipaliteit se visie vir die volgende 5 jaar, die waardes wat die Munisipaliteit volg, die strategiese doelstellings van die Munisipaliteit en vele meer. Beinvloed die visie van jou Munisipaliteit, help hulle om die waardes wat vir julle belangrik is as waardes vir die Munisipaliteit daar te stel en te leef, bv

vertroue, versoening, eenheid en geregtigheid. Voorbeeld van “un-ashamedly pro-poor” in Bergrivier Munisipaliteit.

**Praktiese maniere om die rigting en werking van ’n Munisipaliteit te beinvloed**

1. Vind uit hoeveel wyke jou Munisipaliteit het en waar hul grense strek
   https://www.demarcation.org.za/
   Die wyksgrense in elke Munisipaliteit in Suid-Afrika word bepaal deur die *Municipal Demarcation Board*.  Daar is byvoorbeeld 13 wyke in Witzenberg Munisipaliteit.
   Elke wyk sal bestaan uit ’n wyksraadslid wat verkies sal word op 4 November 2026, en tien (10) wykskomiteelede wat die verskillende sektore verteenwoordig. Elke wyk kan self besluit watter sektore vir hulle die mees relevante is, maar godsdiens is in die meeste wyke in die Wes-Kaap een van die sektore.  Dit beteken in ’n Munisipaliteit kan daar ’n geestelike leier in elke wyk ’n groot rol van leierskap en geestelike beïnvloeding vertolk.




www.witzenberg.gov.za

Kom ons dink en doen saam.....



Wat is my eie persoonlike waardes?

.......................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

Wat is die waardes van my gemeente? (2 persone uit dieselfde gemeente dink saam)

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

Wat is die gesamentlike waardes van ons verenigde ring? (2 persone uit verskillende gemeentes dink saam)

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

Wat is die waardes wat ons graag wil sien in ons Munisipaliteit?

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

Hoe beinvloed ons die Munisipaliteit om dit as waardes vir die Munisipaliteit te kry?  Wat is my Munisipaliteit se huidige visie, strategiese doelwitte en waardes?

........................................................................................................................

........................................................................................................................

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

AANBIEDING DEUR MONWABISI MPELUZA – DIRECTOR CORPORATE SERVICES WITZENBERG MUNICIPALITY

**PRAKTIESE OEFENING**

**Beplan 'n projek wat julle as geestelike forum saam met julle Munisipaliteit kan doen om julle gemeenskap te bevoordeel.**

Wat is die rolle wat elke vennoot sal kan vertolk? Hoekom?

**REFLEKSIE**

Wat het ek vandag geleer wat ek kan gaan toepas in my gemeente / dorp / invloedsfeer?

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

Wat is my aksieplan om seker te maak dat my gemeente kan saamwerk om vir ons dorp 'n beter toekoms te verseker?

Stap 1: …………………………………

…………………………………………

…………………………………………

Stap 2: …………………………………

…………………………………………

…………………………………………

Stap 3: …………………………………

…………………………………………

…………………………………………

Stap 4: …………………………………

…………………………………………

…………………………………………